Kom laat ons saam bid...

Julie 2021

GEBEDSDAGBOEK - NGK KUILSRIVIER DE EIKE

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
		7	8	9	10	11
Dis winter en tradisioneel die seisoen van rus en nabetragting en daarom fokus die maand se gebeds voorstelle meer spesifiek hierop		Bid vandag vir mense wat in hierdie bitter koue geen heengekome het nie	Bid vir die werksaamhede van boere in hierdie winter tyd sodat hulle oes volop kan wees	Bid dat mense se gees weer vervul sal word met die hoop wat Christus bied in hierdie uitdagende tyd van die corona pandemie	Bid vandag vir almal wat navorsing doen oor alternatiewe bekostigbare energie bronne sodat niemand op aarde weer koud hoef te slaap nie.	Bid vandag dat ons dankbare harte sal kweek wat lofsing eerder as om te kla
12	13	14	15	16	17	18
Bid vandag vir alle gebiede wat winterreëns moet ontvang, dat dit oorvloedig sal reën.	Bid vandag dat mense hulle Goddelike opdrag om die aarde te bewaar met die nodige erns sal bejeën.	Bid vandag vir instansies wat onverpoos werk om te sorg dat mense nie honger gaan slaap in die koue nie.	Bid vir die mense wat deurgaans werk om die onwettige handel in fauna en flora te bekamp.	Bid dat elke gelowige sal besef dat ons Jesus se hande en voete in hierdie wereld is en daarvolgens sal optree.	Bid vir oë wat ander se nood kan raaksien en help om dit te verlig.	Bid vir 'n groter bewustheid rondom aardverwarming en die gevolge daarvan op die natuur.
19	20	21	22	23	24	25 - **DANKBAARHEID SONDAG**
Bid vir versoening in gebroke verhoudings en reik uit na een persoon met wie jy moet vrede maak	Bid dat projekte om genoeg bedecking aan perone in die koue te bied deur insameling van komberse en klere, hulle teikens sal behaal. Maak 'n bydra as jy kan.	Bid vir alle noodsaaklike werkers wat gedurende die koue nagte werk om noodsaaklike diens aan ons te verskaf	Bid vandag vir almal wat navorsing doen om ons beperkte water bronne standhoudend te bewaar.	Bid vandag vir die sukses van die inentingsprogramme teen die corona virus	Bid vir harte wat besef dat hulle deur God geseën word juis sodat hulle ook vir ander tot seëning kan wees.	Sê vandag vir God spesiaal dankie vir al die seëninge waarmee Hy jou daagliks oorlaai deur in jou fisiese en geestelike behoeftes te voorsien
26	27	28	29	30	31	
Bid vandag dat mense sal aanleer om verantwoordelik met hulle rommel om te gaan en nie by te dra tot besoedeling van die aarde nie	Bid vandag dat ons land se gesondheidsorg die vele eise van die koue wintermaande die hoof sal kan bied en siek mense behoorlik sal kan versorg	Bid vandag dat mense se oë sal oopgaan vir die mooi om hulle in die natuur en dat mense se lewens daardie mooi sal weerspieël.	Bid vir alle ouers wat die bitter koue trotseer om te kan werk en in hulle gesinne se daaglikse behoeftes te voorsien.	Bid vir die veilige bewaring van mense wat in plekke bly wat in hierdie wintertyd totaal onbereikbaar is weens vloede of sneeu	Bid vandag dat ons altyd die oë op Jesus gefokus sal hou en nooit sal vergeet dat God in beheer bly nie, selfs in die winter van ons lewens.	
Bly Afhanklik	Liefdegawes	Lewensingesteldheid	Geseënd om tot seën te wees	Geestelike Droogte	Moegheid	Vrygewig
"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie" - Johannes 15:5 Gebed: Vader, help my om in Christus te bly; Sy word my anker, Sy voorbeeld my inspirasie. In die sloer van die alledaagse, wil ek vrugbaar—diensbaar leef, onlosmaaklik een met God en deel van Sy plan vir die wêreld.	Een middag teen drie-uur het hy in 'n gesig duidelik 'n engel van God na hom toe sien kom wat na hom roep:"Kornelius!" Kornelius het hom verskrik aangekyk en gevra:"Wat is dit, meneer?" Die engel sê toe vir hom:"God het gelet op jou gebede en wat jy vir die armes doen, en Hy het aan jou gedink." - Handelinge 10:3-4 Gebed: Here, U het Kornelius se hunkering na U in word en daad, raakgesien, want niks is vir U verborge nie. Maak my hart sag vir die baie mense wat swaar kry, honger is en deur moeilike tye gaan. Help my om soos Kornelius ruimhartig my liefdegawes te deel.	Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word—Fillipense 2:5-11 Gebed: Here, ek wil dieselfde lewensingesteldheid hê as wat Christus Jesus op aarde gehad het—Sy nederige diensbaarheid en radikale gehoorsaamheid my barometer. Maak my sensitief vir die wil van God en verlos my van die wêreldse riglyne vir sukses en prestasie. Wys my hoe om my naaste liefdevol te dien en te help.	Die land het sy oes gelewer. God, ons God, het ons geseën. —Psalm 67:7 Gebed: Vader, dankie vir die oorvloed seëninge in U woord en die praktiese goedheid en guns wat ons daagliks ervaar. Seën my geliefdes vandag, die werk van my hande, seën ons met geestelike wysheid, beskerming teen die bose, vrede en bowenal, wys ons hoe om tot seën vir ander te wees.	Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hm sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrelen vir hom die ewige lewe gee." - Johannes 4:13-14 Gebed: Here, ek bevind myself in 'n geestelike wildernis. Ek is life vir U en life vir U woord, maar die fontein binne-in my borrel nie meer soos voorheen nie. Jesus, bron van lewende water, en my Eerste Liefde—wys my waar ek verkeerd gegaan het, en help my om weer vars en nuut na dinge in en om my te kyk.	Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie.—Jesaja 40:29 Gebed: Here, ek is geestelik en liggaamlik gedreineer en sommer lus en los alles. Here, gee my nuwe krag en gee my nuwe moed. Vernuwe my gedagtes, sodat ek weer kreatief en logies na oplossings kan soek. Here, bowenal wil ek weer opgewonde raak oor my lewensroeping.	En Hy sê:"Dit verseker Ek julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander. Hulle het almal iets uit hulle oorvloed in die offergawekis gegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het om van te lewe" - Lukas 21:3-4 Gebed: Here, my dankoffer staan in skrille kontras met hierdie arm weduwee wat sonder aarseling haar laaste sente vir U gegee het. Ek wil soos sy vrygewig wees met my geld, maar ook bereid wees om my tyd, my huis en my goed met ander te deel. U liefde dink nie die hele tyd aan wat dit kan kry nie, maar is aktief besig om te soek na wat dit kan gee. En om te gee maak mens gelukkiger as om te ontvang.